LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**28 Oktober 2019 / Nr. 35**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Baie dankie aan al die ouers wat die **Algemene Jaarvergadering op Dinsdag, 22 Oktober** bygewoon het. Die skool se begroting was aan die ouers voorgelê en 'n kworum van meer as 170 ouers is behaal. Ons waardeer u ondersteuning en belangstelling opreg.

Unika se **swemspan** het op Vrydag, 25 Oktober algehele **tweede plek** behaal uit ses skole. Die uitslae was soos volg: Northcliff 133 - 1ste, Unika 114 - 2de, Randpark 86 - 3de, Blairgowrie 80 - 4de, Reddam 64 - 5de en Crawford 68 - 6de. Welgedaan en baie geluk aan die leerders wat Unika se naam hoog gehou het!

**Sterkte** aan al die leerders wat aan die rugby – en netbalproewe gaan deelneem. Doen jul bes en geniet dit!

Die **eksamen** kruip baie gou nader en ons moedig al die leerders aan om te beplan, hard te leer en alles in te sit. **Afbakening** is reeds op Vrydag, 25 Oktober aan leerders uitgedeel. Doen jul bes, fokus, rus genoeg en sterkte!

Hierdie **Vrydag, 1 November** hou Unika hul laaste fondsinsameling vir die jaar. Dit gaan 'n groot pretdag wees met waterkaskenades wat verseker nie misgeloop kan word nie! Sien meer inligting oor die dag by nr. 3.

**Baie geluk aan die gr. 6-spreekkoor** wat Saterdag by die NEA se toekenningsaand aangewys is as "Item-en Kategorie" wenner vir Afrikaanse spreekkore-intermediêre fase. Welgedaan! Unika is baie trots op julle.

## 2. TOEKENNINGSDAG – 30 OKTOBER 2019

Ons deel graag die volgende inligting met ons ouers en leerders om nodige reëlings te tref:
08:00 – Gr. R-Gradeplegtigheid (alle gr. R-leerders).
10:00 – Gr. 1-3-Toekenningsoggend (alle gr. 1-3 leerders).
18:00 – Gr.4-7-Toekenningsaand (slegs gr. 4-7 leerders wat in kennis gestel is).

**Kleredrag / Ander reëlings:**

**Gr. R**

Leerders kom met koel gemaklike klere en kaalvoet skool toe, want die togas is warm.
Dogtertjies kom met los hare of laag vasgemaak.

**Gr. 1 - 3**

Leerders kom met skoon somersdrag skool toe. Hare netjies met korrekte kleur en haarbykomstighede vir dogters.
Nadat sertifikate ontvang is, beweeg elke klas saam met hul juffrou na die lapa vir individuele foto's. Daarna kry elke leerder 'n roomysbakkie by die snoepie. Leerders word dan uitgeteken in hul

klasse. Daar sal wel toesig wees tot en met 13:30 vir leerders wat nie saam met hul ouers kan huis toe gaan nie. Naskool gaan normaal voort.

**Gr. 4 – 7**
Leerders het uitnodigings ontvang op Vrydag, 25 Oktober.
Kleredrag is skoon, somersdrag met skoolskoene.  Foto's word in die mediasentrum geneem saam met ouers en individueel (gr. 4-6). Gr. 7's word ouers saam met leerders ná die prysuitdeling in mediasentrum geneem. Hul individuele foto's sal die volgende oggend in skooltyd geneem word.  Enige navrae oor foto's moet aan Mariëtte Galjaard gerig word.

## 3. LAASTE FONDSINSAMELING: 2019

Unika se Pretdag is op **Vrydag, 1 November** en ons sien baie uit na 'n opwindende dag.




Kostes beloop slegs **R100** per leerder.
Betalings kan per EFT gemaak word met die familiekode + pretdag as verwysing.  Kaart- of kontantbetalings kan by die kantoor by me. Ronel Koegelenberg gemaak word.



Die bestuur is bewus van die droogtetoestand waarin die land hom deesdae bevind. Laerskool Unika het die laaste 2 weke water opgegaar in die tenks, en sal hoofsaaklik net dié water gebruik en kontroleer. Glybane sal so gerangskik word dat die droogste gedeeltes van ons velde water sal ontvang. Daar sal glybane met water en glybane sonder water wees.

**Tyd: 11:00 tot 15:30**

**ONTHOU ASB. SONSKERM / HANDDOEK / SAKGELD.**
**LEERDERS KOM MET GEWONE KLERE SKOOL TOE (NIE Springboktruie).**

Snoepie sal beskikbaar wees.

Domus Dei Randburg-Suid sal kosstalletjies voorsien waar die volgende eetgoedjies te koop sal wees:
Hot dogs – R15, Vetkoek & konfyt – R10, Pannekoek – R5, Vetkoek en maalvleis – R20, Kerrie en rys – R25, Koffie en tee – R10, Cappuccino – R15.
Kredietkaartfasiliteit sal beskikbaar wees.
Verkope sal op kaartjie-koeponsisteem werk.

## 4. KERSMARKWENNERS

Juniorwenner: Joshua Swart gr. 3 met sy stalletjie "Suiker Soet".
Seniorwenners: Aimee Kleynsheldt en Veronique Greyling met hulle stalletjie "Crazy Christmas".
Welgedaan en baie geluk!

## 5. LAPA-UITGEWERS BOEKUITSTALLING

Lapa-uitgewers kom 28 en 29 Oktober weer 'n boekuitstalling by Unika se lapa doen. Bring 'n geldjie en koop 'n leesboek vir die vakansie.

## 6. INLIGTINGSAAND Gr. R & 1 – 2020

Donderdag, 31 Oktober om 18:00 is die inligtingsaand vir gr. R & 1-ouers van 2020 in die saal. Kom ontmoet u kind se nuwe juffrou en kry die nodige inligting.

## 7. KULTUUR & SPORT

ALLE buitemuurse aktiwiteite het op **Vrydag, 25 Oktober** geeïndig behalwe vir die rugby – en netbalproewe wat 28-30 Oktober plaasvind asook die laaste swemliga op 8 November.

**Swem**

Die laaste gala vind plaas op Vrydag, 8 November. Geen gala sal plaasvind op Vrydag, 1 November a.g.v. pretdag!

Inskrywings vir 2020 is reeds oop. Briewe rakende die reëlings vir die sweminterhuis asook die inskrywingsvorms is reeds op die d6 en by juffrou Danélle beskikbaar. Leerders mag briewe gaan afhaal by klaskamer 2. Meer inligting sal later deurgegee word. Ons moedig u aan om asseblief vroegtydig in te skryf vir die interhuis wat op 23 Januarie 2020 sal plaasvind. Indien u nog onseker is of u wil inskryf, sal daar in kwartaal 1 van 2020 weer 'n geleentheid wees.

**Leesklasse en hulpverlening**

Neem asb. kennis dat alle leesklasse en hulpverlening ook geeïndig het vir die jaar.

**Redenaar 2020: Temas is uit!**

Unika se leerders is baie lief vir gesels. Hiermee nooi ons alle leerders om deel te wees van ons interne-redenaarskompetisie en redenaars- interhuis wat vroeg 2020 plaas sal vind. Ons maak gebruik van die ATKV-temas. Inligting oor hoe die redenaars werk en hoe om 'n doeltreffende praatjie te skryf sal binnekort in die nuusbrief verskyn.



## 8. EKSAMENROOSTER

Die eksamenrooster is finaal en afbakening is reeds aan leerders uitgedeel op Vrydag, 25 Oktober.

# Laerskool Unika

# Eksamenrooster : Vierde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 08 November | | | | Wiskunde |
| Maandag 11 November | PSW | PSW | PSW | Kuns |
| Dinsdag 12 November | NWT | NWT | Engels | NW |
| Woensdag 13 November | | | | SW: Geskiedenis en Geografie |
| Donderdag 14 November | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | EBW |
| Vrydag 15 November | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | ~~Gr. 7 – Afskeid Sun City~~ Gr. 7 afskeid skuif na Maandag, 25 Nov. a.g.v. dubbelbespreking by Sun City |
| Maandag 18 November | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | LO |
| Dinsdag 19 November | | | | Afrikaans |
| Woensdag 20 November | Engels | Engels | NWT | Engels |
| Donderdag 21 November | | | | |
| Vrydag 22 November | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | Tegnologie |
| Maandag 25 November | | | | Gr. 7 Afskeid – Sun City |

**EKSAMENREëLINGS:**

- Afbakening is skriftelik aan die leerders gegee. Dit verskyn ook op die webtuiste.
- Eerste sessie studeer die leerders.
- Tweede sessie skryf die leerders.
- Geen "Common exams" word deur gr. 6-leerders geskryf nie.
- Vir navrae aangaande eksamen - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.

- ***NB: NEEM KENNIS DAT LEERDERS HUL HANDBOEKE MOET SAAMBRING VIR KONTROLE (SOOS DEUR DEPARTEMENT VERSOEK WORD).***
- Leerders moet die volgende dag se leermateriaal saambring om te kan studeer.
- Indien leerders nie 'n vraestel kan skryf nie, moet ouers ŉ e-pos of brief stuur aan mee. Angelique Godfrey en Elna van Zyl met die rede vir afwesigheid. Leerders sal dan op die eerste dag wat hulle terug is skryf. Die vraestel sal by me. Dalena Blitenthall in die kantoor wees.

## 9. EKSAMENTYE EN OPLAAI VAN LEERDERS

**Eerste Sessie** – 07:30 - 09:00 (leerders studeer).
**Tweede Sessie** – 10:00 – 12:00 (leerders skryf).

**Gr. R – 3**

12:15 – 12:45 kan leerders afgehaal word, **slegs by hul klasse** deur ouers.
Toesig vir leerders wat agterbly sal wees tot 13:00.

**Gr. 4 – 7**

12:15 – 12:45 kan leerders afgehaal word, **slegs in die vierkant**.
Toesig vir leerders wat agterbly sal wees tot 13:30.

Albei hekke sal oopgesluit wees vanaf 12:15.

Hek in Locksleyweg sal weer om 13:15 sluit waarna slegs die hoofhek in Abbotweg oop sal wees.

Naskool sal normaal voortgaan.

Ons waardeer u samewerking.

## 10. INHANDIGING VAN HANDBOEKE

Leerders moet asseblief alle handboeke van die vak wat op die dag geskryf word, saambring skool toe om in te handig. Indien ŉ handboek verlore of verniel is, moet R200 voor 1 Desember 2019 by Ronel Koegelenberg inbetaal word. U samewerking word waardeer.

## 11. KIES JOU KIND SE HART BO SY PRESTASIES

Dr. Etienné Venter deel baie graag die volgende leesstuk aan ouers nadat hy, as hoof, onderwyser en self ouer, dit met moeite en sorgsaamheid deurgelees het en besluit het dat ouers dit regtig ook sal waardeer om deur te lees. Veral met die opkomende toekenningsdag en eksamen wat voorlê.

**Die druk op my kind om op skool te presteer word al hoe erger. Wat kan ek doen om haar/hom te help om die stres en eise wat aan haar/hom gestel word te hanteer?**

Prestasiedruk op skool kan ewe erg raak vir ouers as vir kinders. Die belangrikste ding is om ŉ "groot-prentjie-perspektief" te behou. Onthou, skool is eintlik net die voorprogram vir die lewe, dit is nie die hoofitem in die konsert nie. Dit is ook nie ŉ voorspelling van hoe suksesvol jou kind later in die lewe gaan wees nie. As jou kind nie ŉ toppresteerder is nie, is dit nie die einde van die wêreld nie. As jy so daaraan dink, kan jy ontspan. Want weet jy, skool is maar ŉ klein stukkie van sy vorming vir die lewe.

Plaas die klem op die vaardighede wat jou kind elke dag aanleer en nie op die punte wat sy/hy behaal nie. Die oomblik as jy jou fokus verskuif van prestasie na werklike groei en ontwikkeling, kan jy baie makliker positief bly oor ŉ swakker punt op haar rapport.

**Met goeie eetgewoontes, genoeg slaap en die regte motivering oorleef kinders eksamendruk**

Effektiewe streshantering is belangrik. Dit beteken jy kan maar ’n paar van die minder belangrike take uit jou kind se dagprogram weglaat sodat daar nie onnodige druk op haar/hom is nie en genoeg tyd is vir studeer.

Maak seker jou kind eet gesond. Vermy suiker en verfynde koolhidrate. Moedig hulle aan om te oefen, dit is een van die beste strategieë vir die hantering van enige spanning. As ’n kind reg eet en oefen, slaap sy/hy ook sommer beter.

Om jou kind te motiveer, beteken jy help haar/hom om haar/sy oë te fokus op ’n plekkie op die horison as iets vir haar/hom op die huidige oomblik sleg is. Help haar/hom om te konsentreer op dit wat aan die anderkant van die eksamen wag. Dit kan enigiets wees, byvoorbeeld ’n vakansie, ’n gesinsuitstappie of ’n beloning vir die voltooiing van die eksamen.

Onthou, kinders verskil. Party het eksterne motivering nodig: Jy wat gou inloer, eetgoedjies aandra, help met opsommings of net by haar/hom sit, is genoeg aanmoediging. Dan is daar kinders wat hulleself intern kan motiveer. Hulle het die vermoë om byvoorbeeld op hoërskool te sê: “Nog net drie dae oor! Ek wil graag goed doen, want dan sal ek keuring kry vir die kursus waarin ek belangstel.” Jy moet weet watter een van hierdie twee tipes jou kind is. Dit is gewoonlik nie iets wat jy kan verander nie. Help dus jou kind op haar/sy spesifieke manier om gemotiveerd te bly.

**Behou perspektief: Jou kind se prestasies definieer nie wie sy/hy is nie.**

Wat my betref, is dit glad nie ’n mislukking as ’n kind ’n vak druip nie. Ons mag nie na prestasies kyk weg van haar/sy waarde as mens nie.

Die grootste fout van die prestasiekultuur waarin ons lewe, is om perspektief te verloor. Vra vir jouself: “In watter aspek van die lewe mag my kind nie misluk nie?” Byvoorbeeld: “Sy/hy mag nie ander se lewens verwoes deur dwase besluite nie,” of: “Sy/hy mag nie eendag ontrou wees in die huwelik en so ’n hele gesin vernietig nie.”

As jou waardesisteem sê ’n persoon is ’n sukses as sy/hy gelukkige verhoudings het en sy skeppingsdoel in die lewe vervul, dan is prestasie nie alles nie. Dit bepaal nie jou karakter nie.

Jy kan jou kind help om druk en spanning te hanteer deur realistiese doelwitte aan die begin van die jaar te stel. Evalueer dan die doelwitte deurlopend. Begin deur vir jou kind te sê: “Ek gaan jou help om jou tyd en werkrooster te beplan. In jou eerste toestreeks of rapport kyk ons dan na jou punte en jy sê wat jy in elke vak wil behaal.” Dan kan julle langs elkeen ’n kort sinnetjie skryf oor wat sy/hy moet doen om daardie doelwit te bereik. As sy/hy nie die punte behaal het wat sy/hy graag wou hê nie, kyk dan na die oorsaak. Het sy/hy die werkslading onderskat of is huiswerk dalk nie volledig gedoen nie?

Let op, ouers moet nie die doelwitte stel nie. Kinders bereik die doelwitte wat hulle vir hulleself stel, nie dit wat ander vir hulle stel nie. Dit is skokkend om te sien hoe min ouers perspektief kan behou, en dit is hier waar kinders baie seerkry.

**Beloon jou kind se harde werk, nie sy goeie punte nie.**

Die grootste *no-no* vir 'n ouer is om 'n kind te beloon of te straf vir akademiese prestasie of die gebrek daaraan. Straf en beloning het te doen met die hart van 'n kind. As 'n kind moedswillig ongehoorsaam is, moet sy/hy gestraf word. As 'n kind 'n mooi gesindheid wys en haar/sy bes doen, moet sy/hy beloon word. Punte wys egter nie vir jou 'n kind se hart nie. Dit wys eerder sy aandagspan, belangstellings, begrip, kwaliteit van onderrig en nog 'n horde ander veranderlikes.

Beloon jou kind dus as sy/hy getrou en hard gewerk het, maar geen straf of beloning vir punte is enigsins aanvaarbaar as 'n opvoedkundige strategie nie. Behou die groter prentjie. Moet nooit haar/sy prestasie bo haar/sy hart plaas nie.

## 12. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

*Neem asb. kennis van die prosedures van e-posse aan personeel:*
*Alle* ***sportverwante sake*** *- sport@unika.co.za*
*Alle* ***akademiese sake*** *– Eerste aan vakonderwyser en vir gr. R-3 "cc" vir Estie Pansegrouw (estie.pansegrouw@unika.co.za) en vir gr. 4-7 "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).*
*Alle* ***graadverwante sake*** *– Stuur e-pos aan graadvoogde:*

*Graad R: Charlene Fourie (charlene.fourie@unika.co.za)*
*Graad 1: Corlia Meyer (corlia.meyer@unika.co.za)*
*Graad 2: Charlotte Otto (charlotte.otto@unika.co.za)*
*Graad 3: Gretchen van der Merwe (gretchen.vandermerwe@unika.co.za)*
*Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)*
*Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)*
*Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)*
*Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)*

*Enige* ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)*** *– (ontvangs@unika.co.za)*

***Graag versoek ons u as ouer om afsprake per e-pos te maak en NIE in skooltyd of ongeleë tye by 'n onderwyser op te daag om u kind / 'n saak te bespreek nie. Ons help graag en sal altyd tyd maak om met u te kommunikeer, maar is seker u sal verstaan dat kontaktyd met leerders voorkeur kry. Let wel dat ouers nie direk na klaskamers mag gaan om onderwysers te spreek nie. Ons waardeer u samewerking.***

## 13. DISSIPLINE-BELONINGSTELSEL

Dissipline is baie belangrik en daarom het Unika dit goedgedink om 'n ernstige dissiplinestelsel te implementeer. Die stelsel sal voluit in 2020 in werking tree, maar ons sal reeds in hierdie kwartaal begin om die stelsel op die proef te stel. Ons waardeer u samewerking en glo dat u as ouer saamstem dat dissipline gehandhaaf moet word.

Besonderhede soos volg:

**Dissipline-beloningstelsel 2020**

**Positiewe (ontvang 'n Unika-knopie):**

1. Netheid (+1)
    - Klaswerk
    - Voorkoms
2. Respek (+1)
    - Maats
    - Personeel
    - Besoekers

- Stiptelikheid

3. Opreg (+1)
    - Eerlikheid
    - Bedagsaamheid
    - Hulpvaardigheid
4. Maniere (+1)
    - Gehoorsaamheid
5. Trots
    - Moet vier knopies hê om 'n Unika-Trotsknopie te kry.

<u>**Negatiewe:**</u>

**Algemene oortredings:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Huiswerk en taakopdragte | -1 |
| 2. | Laatkom – Departementele vereiste | -1 |
| 3. | Voorkoms | -1 |
| 4. | Kru-taal | -2 |
| 5. | Arrogante en onbeskofte optrede | -2 |
| 6. | Ontwrigting van klas | -2 |
| | **Ernstige oortredings:** | |
| 7. | Bakleiery | -3 |
| 8. | Diefstal | -3 |
| 9. | Oneerlikheid – toetse en eksamen | -3 |
| 10. | Vandalisme | -3 |

**Gevolge van negatiewe punte:**

Indien 'n leerder enige negatiewe punte vir die week ontvang het, kom die leerder nie in aanmerking vir die knopies nie.

**1. Negatiewe punte (Algemene oortredings: 1-6):**
- 10 Punte: Leerder ontvang 'n brief waarin die ouers in kennis gestel word van gedragsprobleme.
- 20 Punte: Leerder ontvang 'n geel brief. Daar word 'n onderhoud gereël deur die graadvoog en betrokke personeel.
- 30 Punte: Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word gereël met die hoof.
- 50 Punte: Leerder mag nie die opvoedkundige toere bywoon nie / gr. 7-leerder word ook nie toegelaat om die gr.7-afskeid by te woon nie.
- Meer as 50 punte:
- **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

**2. Negatiewe punte (Ernstige oortredings: 7-10):**
- 3 Punte – Leerder ontvang 'n geel brief. Onderhoud word deur die graadvoog en betrokke personeel gereël.
- 6 Punte – Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word met die hoof gereël.
- 9 Punte – Leerder mag nie die opvoedkundige toer bywoon nie. Gr. 7-leerder mag ook nie die gr.7-afskeid bywoon nie.
- Meer as 9 punte – **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

## 14. KRITERIA VIR AKADEMIESE PRESTASIES GRAAD 4-7

**Erekleure**

1. Leerareas **Gr. 7 : AFR., ENG., WISK., SK, SW., EBW., TEG., LO., NW.**
   Erekleure word toegeken aan leerders wat die volgende behaal het:
   (i) Akademiese blou erekleure : 2 – 4 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (ii) Akademiese silwer erekleure : 5 – 6 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iii) Akademiese goud erekleure : 7 – 8 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iv) Akademiese lourier erekleure: 8 x A's (90% en bo) vir al die vakke **uitsluitend** die vakke (LO en BL) wat nie deurlopend toetse skryf nie, maar slegs eksamen en gem. van 90%

2. **Gr.7 :** Slegs die volgende ***akademiese promosievakke*** is van toepassing:
   **AFR.** : Afrikaans
   **ENG.** : Engels
   **WISK.** : Wiskunde
   **SW.** : Sosiale Wetenskappe
   **NW.** : Natuurwetenskappe
   **TEG.** : Tegnologie
   **SK.** : Skeppende Kunste
   **EBW.** : Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
3. Leerareas **Gr. 4 – 6 : AFR., ENG., WISK., LO., SW., NWT**
   Erekleure word toegeken aan leerders wat die volgende behaal het:
   (i) Akademiese blou erekleure : 2 – 3 x A's (80% – 89% ) en gem. van 80%
   (ii) Akademiese silwer erekleure : 4 x A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iii) Akademiese goud erekleure : 5 A's (80% – 89%) en gem. van 80%
   (iv) Akademiese lourier erekleure: 5 x A's (90% en bo) vir al die vakke **uitsluitend** die vak (Lewensvaardigheid) wat nie deurlopend toetse skryf nie, maar slegs eksamen en gem. van 90%
4. **Gr. 4 – 6 :** Slegs die volgende **akademiese promosievakke** is van toepassing:
   **AFR.** : Afrikaans
   **ENG.** : Engels
   **WISK.** : Wiskunde
   **SW.** : Sosiale Wetenskappe
   **NWT.** : Natuurwetenskap en Tegnologie

## 15. NASKOOL 2019 / 2020

Die naskoolsentrum sal op 3 Desember 2019 om 17:30 sluit vir 2019. Geen naskoolsorg sal beskikbaar wees op – en vanaf 4 Desember 2019 nie.

Die naskool maak weer oop op 15 Januarie 2020 om 13:30-17:30 daagliks.

Vir enige inligting rakende die naskool of inskrywing/inligting vir 2020 epos asb. vir me. Annemé Ferreira by naskool@unika.co.za.

## 16. POSTE BESKIKBAAR




### LAERSKOOL UNIKA - JUNIOR KOORAFRIGTER

Wel bekende Laerskool in Randburg, Robindale-area het ŉ geleentheid oop vir slegs ŉ koorafrigter vir die juniorkoor.

Salaris ± R4,500 per maand
Verwysing: Afrigter

Persoon sal weekliks oefeninge op Donderdae vanaf 13:00 tot 14:00 afrig. Indien nodig, sal addisionele oefeninge gereël word soos deur hoof versoek.

Stuur CV na dr. Etienné Venter by etienne.venter@unika.co.za.

Sluitingsdatum: 11 November 2019

La Couronne Dental Care

Tandarts /Dental Surgeon
Dr. Ryno de Vos
011 792 2555/6
info@lacouronnedental.com
168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg
"We can't wait to see your Smile!"
LA COURONNE

Te Koop: **Perfekte gesinshuis** baie naby aan Laerskool Unika geleë. Die huis bied verskeie moontlikhede van 'n woonstel vir ouma of oupa tot private tiener blyplek of ekstra inkomste-genererende huisie. Die lapa-area, met Jacuzzi en ingeboude braai, oopplan-kombuis met afsonderlike opwaskamer en drie motorhuise is maar van die huis se uitsonderlike eienskappe.
Vir meer inligting kontak Clare by 073-741-7273 of clare.hogan@pamgolding.co.za

HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

**Hoërskool Randburg Magneetskool vir Musiek**
benodig dringend die dienste van 'n gekwalifiseerde musiekonderwyser.
(klavier en 'n tweede instrument word aanbeveel)

---

Besonderhede:

1. Diensaanvaarding: Januarie 2020.
2. Salaris volgens departementele diensskale. (GDO-pos)
3. SACE registrasie en bereidwilligheid om uitreikskole te besoek, word vereis.
4. Stuur asseblief CV aan sariejacobs@me.com
5. Kontak me. Sarie Jacobs 082 853 6704 vir meer inligting.
6. Sluitingsdatum: 11 Oktober 2019.

**VERLOOP BUILDING**

ALEX VERLOOP

083 400 2766 / 011 792 5429

abwverloop@gmail.com

www.verloopbuilding.co.za

www.facebook.com/VerloopBuilding/

QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED

We are specialists in Building alterations, Revamping Bathrooms and Kitchens, Painting, Roof repairs, Paving, Rhino light, Tiling/cladding, Water and Damp proofing, Ceilings and ceiling repairs, Small electrical work, Plumbing, Carpentry and door repairs or replacement.

011 791 1300

Sedert / Since 1964

**CONSTANTIA**

**Skooldrag / Schoolwear**

**H/V Malibongwe & Rabie Straat, Randburg**

**ONS VERSKAF:**

- Arrows of Destiny
- Blairgowrie Primary
- Bordeaux Primary
- Bryanston Parallel Medium
- Casa Do Sol
- Delta Park
- Fairland Laerskool
- Fernhill School
- Fontainebleau Laerskool
- I R Griffiths Primary
- Linden Hoërskool
- Louw Geldenhuys Laerskool
- Randburg Hoërskool
- Sharonlea Primary
- The King's School (Robin Hills)
- Unika Laerskool

**www.constantiaschoolwear.co.za**

**SKOOLDRAG**




TOTEM

BILLABONG

boomerang

**SKRYFBEHOEFTES**



# FAMISHED
Family Food

"FOR MUMS WHO WANT GOOD NUTRITION FOR THEIR FAMILIES, BUT DON'T HAVE THE TIME".

## PRICELIST
MEALS FOR FOUR

## BEEF

COTTAGE PIE (1L) | R180
LASAGNE (1L) | R250
LIGHTLY CURRIED STEW (2KG) | R320
BOLOGNAISE MIX | R250
FRIKKADELLE & GRAVY | R250
CHILLI CON CARNE (1KG) | R250
BURGER PATTIES | R300
GOULASH (2KG) | R340

## CHICKEN

BENGAL CHICKEN | R280
THAI GREEN CURRY | R280
TASTY CHICKEN | R300
CHICKEN CABBAGE BAKE | R130
INDIAN CHICKEN STEW | R310

## FISH

TUNA MACARONI BAKE | R250
SARDINE PIE | R165
CABBAGE & TUNA BAKE | R130

## PORK

SAUSAGE CASSEROLE | R195
BACON, MAC & CHEESE | R240
PORK & STIR FRY VEGGIES | R250
GOULASH | R300

## EXTRA'S

HOMEMADE RUSKS (PACKET OF 12) | R65

## VEGETABLES

PUMPKIN PIE | R90
SWEET POTATO MASH 600G | R40
BUTTERNUT MASH 600G | R40
PUMPKIN 600G | R40
OLD STYLE BEANS 600G | R40
POTATO MASH 600G | R40
CABBAGE & CARROT 600G | R40
MIXED ROAST VEGGIES 500G | R50
SPINACH AND POTATO 600G | R40
ASIAN GREENS | R55
CAULIFLOWER RICE | R60
CARROT STICKS 400G | R25

## INFO

- PORTIONS ARE FOR FOUR ADULTS
- HALF PORTIONS AVAILABLE
- INDIVIDUAL PORTIONS OF THAI CURRY, CHILLI CON CARNE & BOLOGNAISE MIX CAN BE ARRANGED
- PRICES MAY VARY DUE TO INCONSISTENT RETAIL PRICES
- HIGH QUALITY MEATS & SEASONAL VEGETABLES FOR OPTIMUM NUTRITION



**ORDERS:**
Suerene Griffiths
familyfamished@gmail.com
079-777-6424

**Klassieke Kitaar Konsert deur Arnaud van Vliet**

Variasies op 'n tema van Mozart Op.9-F.Sor
Engelse Suite Op.31 – J.W. Duarte
Prelude no. 1,2 en 3 – H. Villa-Lobos
Astarias – I.Albeniz

**SONDAG 17 NOVEMBER 2019 @ 16H00**
**DOMUS MEI, RANDBURG-SUID**
**MALCOLMWEG**
**BLAIRGOWRIE**




# Boaz Kidz

JOU KIND SE TWEEDE TUISTE

13:00 - 17:30

## Inskrywings vir kwartaal 4 & 2020 nou oop!

- Professionele personeel
- Leer u kind om selfstandig te werk
- Akkommodeer u kind se persoonlike leerstyl
- Klein groepies
- Huislike atmosfeer
- Gesonde etes en peuselhappies
- Toesig tydens vryspel vir kleintjies
- Rekreasionele aktiwiteite vir ouer kinders
- Skoolvakansies - toesig & aktiwiteite

Locksleyweg 44,
Robindale, Randburg

KONTAK ONS:

Carina Botha
082 920 3158
carina@boaz.co.za

Ilse vd Merwe
072 274 6335
ilse@boaz.co.za

Thalita vd Merwe
082 291 4916
thalita@boaz.co.za

HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

**Hoërskool Randburg benodig die dienste van 'n gekwalifiseerde Wiskunde en Wiskunde Geletterdheid onderwyser vir graad 8- tot 12-leerders.**

Besonderhede

1. Diensaanvaarding: 1 Januarie 2020.
2. Beheerliggaam aanstelling
3. Salaris volgens departementele diensskale (onderhandelbaar).
4. Wiskunde 3 sterk aanbeveling.
5. Ervaring is noodsaaklik.
6. Stuur asseblief CV aan hsrandb@global.co.za.
7. Kontak mnr. Tony Knoetze by (011) 782 6226 vir meer inligting.
8. Sluitingsdatum: 25 Oktober 2019